Publication: Kuier

Date: Thursday, August 18, 2022

Page: 12



Foto ter illustrasie

# GENOEG IS GENOEG

Mans is 'n lewensbedreigende maalgat vir vroue en kinders in Suid-Afrika – die syfers getuig daarvan. In net drie maande is honderde vroue en kinders hier vermoor . . .

**DEUR JACKIE PIENAAR-BRINK, MAYGENE DE WEE EN CHRISLYNN SIAS**

## 898 VROUE VERMOOR

## MEER AS 10 000 VERKRAG

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.

Publication: Kuier

Date: Thursday, August 18, 2022

Page: 13



# GENOEG!




Suid-Afrika is algemeen bekend as een van die onveiligste plekke ter wêreld vir 'n vrou. Jou kanse om hier weens gender-based violence – oftewel geslagsgebaseerde geweld (GBV) – te sterf, is hemelhoog.

GBV is volgens die Verenigde Nasies (VN) 'n sambreelterm vir enige skadelike daad wat teen 'n individu se wil afgedwing word op grond van geslag. Dit word gewoonlik teen 'n vrou of meisie gepleeg en gekenmerk deur fisiese, seksuele, geestelike of ekonomiese skade.

En twee jaar nadat pres. Cyril Ramaphosa verklaar het GBV is Suid-Afrika se tweede pandemie, naas Covid-19, duur die stryd steeds onverpoos teen beide voort.

Liewe vrou, waar jy ook al hierdie artikel lees, jy (en jou weerlose kinders) het die potensiaal om in hierdie land aan die hand van 'n man te sterf, net omdat jy 'n vrou is en net omdat sommige mans dink hulle kan maak en doen met vroue wat hulle wil sonder enige gevolge of vervolging.

**Syfers lieg nie en die skokkende syfers vertel hierdie verhaal die beste. In die eerste drie maande van hierdie jaar het die volgende in Suid-Afrika gebeur:** 898 vroue is vermoor – meer as nege per dag, en 134 meer as in dieselfde tyd verlede jaar; 306 kinders jonger as 17 is vermoor; 10 818 verkragtings – oftewel 120 per dag – is aangemeld.

**Het jy dít ook geweet?** Elke agt uur word 'n vrou in Suid-Afrika deur haar intieme lewensmaat vermoor. Dis vyf keer hoër as die wêreldwye gemiddelde. Een uit elke drie vroue in Suid-Afrika is slagoffers van huishoudelike geweld. Tussen 60 000 en 80 000 GBV-sake word negatief geraak weens die geweldige agterstand in DNS-toetsing in Suid-Afrika. Hofsake word erg vertraag of van die rol geskrap, met baie oortreders wat skotvry wegkom weens 'n gebrek aan forensiese bewyse.

Dié syfers maak dit duidelik – dis 'n bloedbad daarbuite of binne jou huis . . .

Geslagsgeweld het vele gesigte. Die onlangse bendeverkragting van agt vroue in Krugersdorp, Gauteng – vermoedelik deur onwettige myners – het skokgolwe deur die land (en oorsee) gestuur. Hulle was deel van 'n groep van onder meer sangers, modelle en grimeerkunstenaars wat 'n musiekvideo by 'n ou myn in West Village geskiet het. Van hulle is tot tien keer verkrag, blyk dit uit voorlopige berigte.

## STRAF VIR GBV

Net voor dit het Suid-Afrikaners ook met afgryse reageer toe die aaklige gesig van huishoudelike geweld op sosiale media geplaas is vir almal om te sien.

Skokkende kringtelevisiemateriaal wys hoe die vroueslaner Jaco Swart sy gewese vrou, Nicoleen, by die werk genadeloos met die vuis in die gesig slaan en herhaaldelik skop, onder meer teen die kop. Dat hy in Junie vanjaar tronkstraf vrygespring het toe hy in die Pretoria-Noord-landdroshof gevonnis is tot R20 000 en drie jaar tronkstraf – wat vir vyf jaar opgeskort is – het mense uit alle vlakke van die samelewing warm onder die kraag gehad.

In nog 'n voorval van geslagsgeweld is Abraham Fourie (55) onlangs in die Bloemfonteinse hooggeregshof tot lewenslange tronkstraf gevonnis vir die moord op sy lewensmaat, Maryna Venter (49). Hy het vier vorige veroordelings vir aanranding.

In bykans dieselfde tyd wat die Swart-materiaal opslae gemaak het, was die hartseer dubbelmoord op Jesse Hess (19), 'n teologiestudent aan die Universiteit van Wes-Kaapland, en haar stiefoupa, Chris Lategan (85), ook weer in die nuus. Sowel Jesse as haar oupa is in 2019 in hul woonstel in Parow verwurg, terwyl Jesse ook verkrag is. David van Boven, haar neef, is in Julie vanjaar twee lewenslange vonnisse hiervoor opgelê, wat gelyklopend uitgedien sal word.

Wat die lewenslange vonnisse betref wat GBV-oortreders soos Van Boven en Fourie opgelê is, wys dr. Sheena Swemmer, hoof van gender justice aan die sentrum vir toegepaste regstudies aan die Universiteit van die Witwatersrand, daarop dat geslagsgebaseerde moord en verkragting reeds deel uitmaak van verpligte minimum vonnisse. Hoewel moord deur 'n intieme maat noodwendig swaarder gestraf word, kan daar egter nooit gesê word wat die uitkoms van vonnisoplegging gaan wees wat verkragting betref nie. "Sommige landdroste aanvaar maklik dwingende en wesenlike omstandighede ter strafversagting, of dit nou waar is of nie. Daar was gevalle waar kinderverkragters 'n boete of opgeskorte vonnis gekry het, wat strydig met verpligte vonnisoplegging is."

## WÊRELDWYE PROBLEEM

Alle vorms van seksuele geweld word ook nie by minimum vonnisse ingesluit nie.

"Miskien sal toekomstige wetgewing oor haatmisdaad help dat swaarder vonnisse hiervoor ingestel word op grond daarvan dat GBV as misdaad gegrond is op diskriminasie teen vroue," sê dr. Swemmer.

Maar dis nie net in Suid-Afrika wat sosiale verandering bepleit word wat geweld teen vroue betref nie. In China het die debat in Junie vanjaar weer opgevlam ná 'n insident in 'n eetplek in die noordelike stad Tangshan. Die hel het losgebreek toe 'n man aangelê het by 'n vroulike restaurantganger, en sy hom weggestoot het toe hy sy hand teen haar rug geplaas het.

Hy het haar teen die kop geslaan, waarop sy vriende ook tot die geveg toegetree en haar en drie vriendinne wreedaardig met bottels en stoele aangerand het. Terwyl ander mans in die restaurant net toegekyk het, is die eerste vrou aan haar hare na buite gesleep, waar sy herhaaldelik teen die kop geskop is.

Daar was 'n oënskynlike traagheid aan owerheidskant om inligting bekend te maak asook 'n onderspeling van die vroue se beserings. Dit het eers later uitgekom dat twee van die slagoffers in die

>>

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.

Publication: Kuier

Date: Thursday, August 18, 2022

Page: 14



**Van vorige bladsy**

intensiewesorg-eenheid van 'n hospitaal opgeneem moes word. In China het huishoudelike geweld eers in 2016 ingevolge wetgewing strafbaar geword, en baie mense beskou dit nog as 'n private saak.

Op die Mediterreense eiland Ciprus het huishoudelike geweld verlede jaar met 67% toegeneem vergeleke met die vorige jaar, en met 159% as dit vergelyk word met 2019 en dus voor Covid-19 – daarom dat femicide nou ingevolge wetgewing met lewenslange tronkstraf strafbaar is. Onder die mees onlangse slagoffers was 'n 82-jarige vrou wat aan die hand van haar 84-jarige man gesterf het.

## 'N DEKADE VAN PYN

Anene Booysen, Anni Hindocha, Tazne van Wyk, Hannah Cornelius, Uyinene Mrwetyana, Jesse Hess, Allison Plaatjies, Meghan Cremer, Michaela Williams, Jerobejin van Wyk, Natasha Booise, Lynette Volschenk …

Dié name is slegs enkele vroue en kinders wat die afgelope tien jaar hier in Suid-Afrika aan die hand van mans gesterf het. In van die gevalle, soos dié van Anene Booysen, Jesse Hess en Michaela Williams, was hul moordenaars mense bekend aan hulle. Maar ook Tazne van Wyk, Allison Plaatjies, Meghan Cremer, Natasha Booise, Jerobejin van Wyk en vermoedelik ook Lynette Volschenk het hul vermeende moordenaars geken.

Maar vir baie families van die slagoffers is die straf wat hul kinders en vroue se moordenaars opgelê word, nie goed genoeg of swaar genoeg nie. Anni Hindocha se familie, haar pa Vinod Hindocha en haar oom Ashok Hindocha, het veral die Suid-Afrikaanse regstelsel gekritiseer nadat Shrien Dewani, Anni se man, tydens 'n kort verhoor in die hooggeregshof in Kaapstad vrygelaat is. Zola Tongo het in Desember 2010 beweer dat Dewani sy vrou se moord beplan het en hom gehuur het om mense te kry om dit uit te voer.

Hoewel die Hindochas verskeie kere ná die verhoor na Suid-Afrika gereis het om in persoon aan die departement van korrektiewe dienste (DKD) hul besware te kenne te gee oor enige parool vir Tongo, het hy wel in Junie vanjaar parool gekry. Ashok het toe aan *Netwerk24* gesê daar was geen geregtigheid vir Anni nie.




## REGSTELSEL FAAL

Ook Lance Hess, Jesse se pa, die jong teologiestudent wat in 2019 vermoor is, voel die regstelsel en ook die polisie faal nie net die families van slagoffers nie, maar faal die slagoffers ook in hul dood.

Lance het aan *Kuier* gesê hy sal Van Boven nooit kan vergewe nie. "Ja, hy is gestraf, maar sy straf sal nooit vir Jesse en uncle Chris kan terugbring nie." Lance het gesê die departement van korrektiewe dienste het ook 'n groot aandeel in dit wat Van Boven gedoen het. "Hy was uit op parool vir 'n ander verkragting en moes nooit vrygelaat gewees het nie. Waar is die beamptes van korrektiewe dienste wat ook sy paroolvoorwaardes moes reguleer? Hy het in plekke rondgeloop waar hy nie veronderstel was om te gaan nie."

Lance het gesê sy oudste dogter is van hom weggeneem op 'n tydstip toe hulle die naaste aan mekaar was. Die trane slaan deur in die frisgeboude man se stem.

"Jesse het in Parow kom woon toe sy UWK toe is. Ek het haar elke oggend opgetel en universiteit toe geneem. Ek het haar ook kerk toe geneem omdat sy baie by die kerk en jeug betrokke was. Ek het 20 minute vroeër gekom omdat dit ons kans gegee het om te praat in die kar op pad kerk toe of universiteit toe. My dogters is my lewe en ek het hulle altyd gesê ek sal altyd daar wees vir hulle. En toe kon ek nie daar wees vir my kind nie."

Ook Ian Cameron van die drukgroep Action Society, voel dat die regstelsel en veral die polisie slagoffers van geslagsgeweld faal. Hy het gesê vir die polisie om beter te werk, moet daar van Bheki Cele, minister van polisie, ontslae geraak word. Dan moet daar na die polisiebestuur gekyk word, veral van 'n brigadiersvlak en of daardie mense op meriete aangestel is. "En asseblief, spesialiseenhede moet teruggebring word," het Cameron gesê.

Intussen is twee families van verskillende provinsies onlangs in rou gedompel nadat hulle geliefdes na bewering vermoor is deur mans wat hulle eintlik moes beskerm.

Die families van Danielle van der Linde (28), wat in Mei vanjaar vermoor is, en Daffidol Faro (62) en Aseeqah Erasmus (10), wat in Julie vanjaar vermoor is, kan net hoop en bid dat die lang arm van die gereg hul geliefdes se moordenaars gaan laat boet, soos in die geval van die Jesse Hess-saak.

Op 15 Mei vanjaar is die Van der Linde-familie van Kimberley se lewens tot stilstand geruk toe Danielle na bewering deur haar saamleefmaat, Eldene Wilkinson (32), doodgesteek is. Wilkinson is van moord aangekla. Wat die moord nog meer skokkend maak, is die feit dat Danielle in die teenwoordigheid van haar 9-jarige seun op sy verjaardag vermoor is by die huis wat sy met haar suster-hulle gedeel het.

Bianca Saal (31), Danielle se oudste suster, vertel vanuit hul familiehuis in Kimberley dat haar suster 'n gem van 'n mens was, wat in almal se harte gekruip het. Sy vertel dat hul ma sowat drie jaar gelede afgesterf het en dat sy toe die rol van ma-figuur vir Danielle ingeneem het.

Sy haal diep asem voor sy sê dat sy nooit regtig ten gunste was van Danielle se verhouding met haar kinders se pa nie.

"Weet jy, ons kom uit 'n huishouding waar ons abuse gesien het. My ma was deur ons pa mishandel toe ons kinders was en ons weet watter verwoestende impak dit kan hê. Dit is hoekom ek nooit kon verstaan dat sy haarself in so iets gelaat het nie. Ons het baiekeer daaroor vasgesit."

Die dag van haar suster se moord is een wat steeds by Bianca spook. "My sussie was moeg van die mishandeling en het haar breekpunt bereik. Ek onthou die Woensdag voor haar dood het hy haar kom help met die wasgoed. Hy was nie

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.

Publication: Kuier

Date: Thursday, August 18, 2022

Page: 15




> "Hoeveel vroue nog? Hoeveel kinders nog? Waar gaan dit alles eindig? Ons as vroue en kinders het die reg op lewe en niemand het die reg om dit van ons te neem nie ..."
>
> AUDREY DANIELS

eers lank daar nie en is toe daar weg, maar ek kon duidelik sien Danielle is ontsteld. Ek het haar gevra wat fout is en sy sê toe die man dink regtig sy gaan nie 'n interdik teen hom kry en hom laat opsluit nie. Hy het aan haar gesê indien sy dit sou doen beter haar familie vir hulle regmaak vir 'n begrafnis. Ek het gedink dit was weer leë dreigemente. Min te weet het hy elke liewe woord daarvan bedoel."

Bianca herroep die gebeure van 15 Mei. "Dit was 'n Sondag en haar seun se verjaarsdag. Ons het gebraai en sy het nog die oggend vir hom 'n koek gaan koop. Sy was die vorige aand uit en het 'n bietjie gaan lê. Hy (Wilkinson) het ook langs haar gaan lê. Daar was geen teken dat hulle gestry het of kwaad was vir mekaar nie."

Volgens Bianca het die verdagte uitgekom en vir sy seun gevra om sy rugsak te oorhandig. "In die sak was sy okkapyp en ons het niks daarvan gedink nie. Die moordwapen, 'n mes, was ook daarin." Dit was die stilte voor die storm, want oomblikke later het iets verskrikliks gebeur.

Bianca vertel sy was nog besig om met 'n vriendin oor die foon te gesels toe sy die aakligste skreeugeluid gehoor het. Dit was Danielle wat geskree het. Bianca het daarna ook haar man hoor skree dat sy die ambulans moet bel. "Daar was bloed oral. Die bloed het uit my suster se nek gespuit. Die verdagte het pad gevat en gehardloop terwyl ons vir die polisie gewag het. My man het 'n handdoek gevat en om Danielle se nek gedraai in 'n poging om die bloed te keer. Tevergeefs."

Bianca kan die trane nie meer keer nie en sê met die ambulans se aankoms, is haar suster dood verklaar. "Hulle het ons meegedeel dat sy 14 weke swanger was. En daai man het geweet, want net die oggend het hy my daarmee getart, maar ek het hom nie geglo nie. Dit sou hul derde kind wees. Nou dink jy jou in dat hy nie net sy kinders se ma vermoor het nie, maar ook sy ongebore kind. Watter soort mense doen dit? En dit op jou kind se verjaardag?"

Danielle se kinders en Bianca en haar gesin sien steeds 'n sielkundige om met die seer te deal. Volgens Bianca is sy ook op medikasie geplaas. "Dit is asof die donkerte my wil insluk. Ek moet aanhou in die huis bly waarin my suster vermoor is. Elke keer wanneer ek my oë toemaak, sien ek haar lewelose liggaam. Genoeg is genoeg. Ons vroue kan nie meer so weggevat word deur gewetenlose mans nie."

## SEUN VERMOOR SY MA

Nog 'n familie is op 25 Julie tot in hul fondamente geruk nadat 'n man glo sy ma en 10-jarige niggie doodgewurg het. Die voorval het in Kalksteenfontein op die Kaapse Vlakte plaasgevind. Die lewelose liggame van Daffidol Faro (62) en Aseeqah Erasmus (10) is Sondagoggend deur 'n familielid gevind. Een van Daffidol se dogters het haar ma se liggaam in 'n vrieskas gevind terwyl Aseeqah in 'n bad vol water gevind is, versteek onder klere.

Volgens Audrey Daniels (63), 'n gemeenskapwerker en woordvoerder vir die familie, is hulle stukkend ná die gru-vonds. Die familie was te emosioneel om self met *Kuier* te praat. "Die verdagte het glo ure voor hy hulle doodgemaak het sy ma gedreig. Sy ma het drie weke voor haar afsterwe 'n interdik teen haar seun gekry omdat sy nie meer die mishandeling kon hanteer nie. Die regstelsel het die vrou gefaal. Om te dink haar lewe is geneem deur iemand aan wie sy geboorte geskenk het."

Dan sê Audrey emosioneel terwyl die trane oor haar wange stort: "Hoeveel vroue nog? Hoeveel kinders nog? Waar gaan dit alles eindig? Ons as vroue en kinders het die reg op lewe en niemand het die reg om dit van ons te neem nie ..."

As 'n nasie se karakter getoets word aan hoe hy sy vroue en kinders behandel, misluk Suid-Afrika tragies, het pres. Ramaphosa einde verlede jaar in 'n nuusbrief gesê. In Februarie dieselfde jaar het hy die reaksiefonds vir gender-based violence en femicide (GBVF) bekendgestel sodat dit in 'n gefragmenteerde GBVF-omgewing as katalisator kan dien vir 'n verenigde en geteikende reaksie.

Tshepo Sefotlhelo, uitvoerende hoof: bemarking en kommunikasie van hierdie fonds, het al op verskeie mediaplatforms daarop gewys dat dit allerbelangrik is dat van toksiese manlikheid weggedoen moet word as GBVF getakel wil word.

Volgens hom is dit in patriargie gesetel en word taal gebruik om dit lewend te hou. Wie het nog nie gehoor dat aan seuns iets gesê word soos "moenie eerste slaan nie, slaan die hardste?" Boonop word gesegdes soos "boys will be boys" dikwels gebruik om boeliegedrag op die skoolterrein, en selfs in raadsale, te verskoon.

Maar in werklikheid moedig dit geweld, en veral geslagsgeweld, aan, maan Tshepo. Dikwels word dit ook misgekyk dat mans en seuns in die proses self seergemaak word omdat daar nie van hulle verwag word om met hul emosies om te gaan nie.

"Mag oor ander word beskou as die kerneienskap van manlikheid," het hy in die *Sowetan* gesê. "Ons kan by die huis begin om hierdie gedrag te verander deur ons seuns te leer van omgee, empatie, vriendelikheid en respek vir vroue en diegene wat tradisioneel teikens van toksiese manlikheid is. Ons kan ons seuns grootmaak as emosioneel gesonde mans."

***Jane Doe verteenwoordig al die vroulike slagoffers van geweld van wie ons waarskynlik nooit sal weet nie.**

**Wat sê jy?**

Sê vir ons wat jy dink van dié storie. Stuur 'n WhatsApp na 0607840589, gevolg deur jou mening.

**FOTO'S:** GALLO IMAGES/GETTY IMAGES EN VERSKAF **BYKOMENDE BRONNE:** TWITTER.COM/SA_CRIME/STATUS/1534403356164243457?LANG=EN; BIT.LY/3D90H31; BIT.LY/3D90OLZ; //BIT.LY/3STGYZL; BBC.COM/NEWS/WORLD-ASIA-CHINA-60906803; BIT.LY/3SLCINA

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.